


KAMBRO

**‘n geskiedenis storie in ligte trant**

## Met toestemming van Francois Stemmet is die skrywersverhale wat aan Montagu en distrik gekoppel is, uit sy boek Kambro onttrek

### Die wêt, wêt been (Ashton Karpad)

Nee kyk, Pa wou alles self doen…dit het hom laat goed voel. Dalk sou hy een van ons saamvat om ‘n bietjie rond te sjant en so aan en ons kon nooit nee sê nie, saam moes ons saam. Ek praat nou van werkies op die plaas en so aan. Hy het geglo deur net daar te wees, leer jy en ontwikkel jy ‘n belangstelling. Met daardie stelling kan ek nie stry nie, maar daardie tyd het nie een van ons van sulke goeters geweet nie. Teëpraat was daar nie. Ons het maar gedoen wat vir ons gesê is, anders was jou gat warm.

Maar bye toe het ek geweier om te gaan. Ek meen, afgesien van die feit dat ons almal vrek bang was vir die bye, het ek half gevoel ‘n mens moet respekte hê. Dis so asof jy iemand anders kry om dinge vir jou te doen. So of jy steel. Die bye het die heuning gemaak en dis mos hulle s’n. Díe dag het ons hom agtervolg en oudergewoonte op ‘n afstand dopgehou. Ons het geweet, eendag is eendag, dan gaan hulle hom piets en ons wou daar wees vir die grap.

Nou kyk, gewone mense haal heuning uit met die regte klere aan. Jy het ‘n oorpak, van die soort wat in een stuk is. Dis nou sodat daar minder kans is vir die bliksempies om in te kruip en naby jou vel te kom. Jy het gewoonlik ‘n paar boetse aangehad, van die soort wat tot kort onder jou knie kom. Dan dra jy jou broek bo-oor die boetse en as jy baie versigtig is, dan sit jy ‘n rekkie oor jou broek, dat hy die broek teen die boetse vasdruk. Maar die belangrikste van alles was jou kop-bedekking. Dit was so ‘n ding wat my nog altyd aan die eerste maanlanding laat dink. Jy het die soort gekry wat jy oor jou hoed trek, dan het hy so ‘n siffie aan die voorkant gehad, dat jy darem kan sien wat jy doen. En dan het hy so ‘n borslapagtige stuk gehad wat oor jou skouers en rug en oor jou bors gehang het. Kyk, ‘n by moet blerrie goed wees as hy daar inkom. Maar Pa het niks van daardie goed gedra nie. Nee, al wat hy gevat het, was sy rokertjie. Dit het hy met gras en lap en olie volgepak en aan die brand gesteek. Dan sit hy dit op ‘n veilige afstand van die byekorf af neer dat hy eers goed kan begin rook, want wat help dit jy begin te gou die bye
rook en daar is nie genoeg rook nie? Nee, hy moes eers goed aan die gang kom. En jy moes al hierdie dinge wind-af van die bye af doen, want anders ruik hulle die rook en jy sien jou dinges.

So het pa dan ook soos altyd die rokertjie aangesteek en neergesit…en toe eers vir hom ‘n bittertjie gegooi. Sy koffie was swart en bitter, maar altyd binne armlengte van hom af.

Toe Pa die dag die bekertjie terugsit in sy *lunch*boks, nadat hy die laaste druppeltjie koffie so uitgeskud het en hy vat die rokertjie wat teen die tyd sterk begin rook, toe kruip ons ‘n entjie nader . Die koffie drinkery ken ons mos en ons het by tye self ook al die rokertjie aangesteek…nee dis wat nóu kom wat ons wou sien. Ons het hom baie dopgehou en hy was goed, dit kan jy glo, maar ons het geweet, eendag is eendag.

Hy sit die leë super langs die korf neer, sodat hy met ‘n vinnige beweging die deksel kan afhaal, en ‘n paar goeie spuite in die korf spuit dat die bye hulle skerp kante kan verwyder. Dan moet jy gouspeel en die vol super wat netjies op die korf pas, afhaal, die leë een opsit en kyk dat hy netjies pas. Dan vat jy die vol super wat vrek swaar is en maak dat jy wegkom van die nes af. En moenie ‘n fout maak nie, teen daardie tyd is by se kind al lekker die moer in en draai al om jou kop. Dan begin hulle stadigaan terug gaan nes toe.  Hulle dink mos hulle het nou die indringer weggejaag.

Nou ja, díe dag, net toe pa so ses of agt tree weg is van die nes af, stamp hy die super teen ‘n stuk boomstomp. Die ding glip half uit sy hande uit en met die dat daar baie heuning in was, kry hy hom nie behoorlik onder beheer nie en ‘n klompie bye wat in so ‘n tros aan die onderkant van die super gehang het, val op die grond. Pa kom niks agter nie, maar die ou groepie is besig om by sy broekspyp in te kruip..al opwaarts. Nou kyk, so met die stap trek ‘n mens se broek mos styf om jou bene en met die, druk hy ‘n by of twee vas en ‘n die moer in by, moet jy nie vasdruk nie.

“Aitsa”, hoor ons pa so oor die afstand van omtrent dertig, veertig tree.

“Aitsa”, weer ‘n keer en toe volg daar so ‘n  rympie wat vrek baie na grieks geklink het. Teen dié tyd lê ons soos ons lag onder die streepsak wat ons vir beskerming saamgebring het. Ons loer so agter die bos uit en sien Pa is nou besig om sy broek uit te trek…eers sy vellies wat hy sonder sokkies gedra het en toe sy broek. Hy staan wragtag daar in die oop veld met sy kaal bene en staan en skud die bye uit sy broek uit. Ou Lings,  ‘n oorlamse ou Qhosa wat besig was om water te lei in ‘n groenteland daar naby, kom half gebukkend in die tweespoor paadjie aangestap. Hoe nader hy kom, hoe meer hou hy die graaf amper soos beskerming voor hom….of dalk uit respek vir die naaktheid.  So of hy nie moet sien wat hy sien nie.
In die tussentyd skud Pa nog bye uit, maar dit lyk nie of hy die stryd gaan wen nie. Ons kan nie beweeg nie so lag ons en ou Lings kom steeds nader. Teen díe tyd is die plat kant van die graaf reg voor sy gesig en hy loer met groot oë so om die graaf.

“Jo, jo”, is al wat hy kan uit kry.

“Lings, wat staan en ‘Jo’ jy daar jou ou bliksem, gaan haal vir my ‘n broek by die huis.”

Ou Lings staan nog so en ‘Jo’, toe hoor hy sy oubaas is nou wragtag kwaad.

“Gaan haal ‘n blerrie broek en maak gou.”

Ou Lings moet so amper teen ons bos verbykom. Hy gooi die graaf neer, amper op ons en ons hoor net…

”Hau…die wét, wét been, Hau”

Ons is holderstebolder onder die bos uit en so met die huistoe hardloop hou ons die heel tyd ‘n bos of twee tussen ons en Pa, maar ek dink hy het ons tog gesien. So in die hardloop kyk

ons om en sien hoe hy nog die heeltyd bye uitskud en waai. Ons hardloop by ou Lings verby. Hy sien ons skaars en ons hoor net hoe brom hy nog steeds “Haau…die wét, wét been.”

By die huis is ou Lings angstig om sy misie uit te voer, maar hy kry nie gepraat nie. Ma vra hom,

“Ja, Oudste, wat soek jy?”
“Hau, die wét, wét been,” is al wat hy uitkry.

Toe hy uiteindelik met die broek koers kry na Pa toe, was Pa al amper by die huis, so met ‘die wét, wét been’ en broek in die hand. Ma wou Pa dadelik dokter toe neem, maar hy weier volstrek. Maar hy’t aardig gelyk. Sy bene het ons nou nie gesien nie, maar sy arms en gesig was soos ‘n waatlemoen geswel. Hy’t ons net so gekyk en al was dit hoe snaaks, ons lag het net daar opgedroog.

--oOo--